

2021 OM TE VERKLAAR DIE JAAR OM GOD SE PERFEKTE WIL TE DOEN - GOD SE VISIE - MAT 28:18-20

21 Dae van Vasting & Gebed Vanaf: 11 Jan 2021 to 31 Jan 2021

Jesus sê toe vir hulle: “Julle moet geloof in God hê! Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: ‘Lig jou op en val in die see,’ en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees. “En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe.” **Markus 11:22-25**

2 Kor. 5:14 want die Liefde van God dring ons.

Efe 4:13 So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.

&

Hand 2:47 terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daaglik by die gemeente gevoeg die wat gered is.

&

Kol 3:23 Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.

(OM MOEDIG/BRAAF & VREESLOOS TE LEWE)

1. Begin met danksegging.
2. Wees spesifiek in die gebedstyd, vra en glo.
3. Vra vir Goddelike wysheid.

GEBED IS ONS GROOTSTE WAPEN OP AARDE

VADER IN DIE NAAM VAN JESUS BID EN BEVEEL EN VERKLAAR ONS:

- 2021 die jaar van passie, liefde en eenheid vir alle mense en vir Lofdal om “unshakable” te wees en om God te vertrou en in Sy Woord te glo. Herleef die Kerk om die Oes in te bring.
- Ons stop die duiwel in sy spore en sy planne om te steel te slag en te verwoes, maar dat ons LEWE mag ervaar. Joh 10:10.
- Ons bid teen vrees, angs, twyfel en ongeloof.
- Ons spreek en se corona virus j sal VERDWYN, want die bloed van Jesus werk en ons nasie sal gesond wees.
- 3000 Sondaars kom tot redding in Jesus Christus en word effektief gedissipileer.
- 200 Huisselle effektief en in operering by einde Nov 2021.
- Ploeërs sal die maaiers inhaal. Amos 9:13
- 120 Kragtige bidders/intersessors vir gebedstye - 24 uur gebedsbediening.
- Bid dat die inkomste van die kerk sal opgaan na R600 000 per maand en dat die mense geseënd sal wees en dat die vensters van die Hemel oor die mense van Lofdal oop sal wees.
- Die las van finansiële tekort en beperkinge gebreek sal wees oor Lofdal en ons mense.
- 100% Tiende betalings/elke pastoor/ elke selherder/ elke leier, elke werknemer en pensioenaris.
- Nuwe kerkdienste begin sal word voor einde April 2021 in Goodwood, Platteklouf, Tableview, Blouberg en Durbanville.

- Elke besigheidsman en besigheidsvrou , elke gemeentelid ervaar 'n oes van finansies.
NO MORE DELAYS!!
- Finansiële vryheid vir elke persoon en familie in die Naam van Jesus Christus.
- All ons eiendomme klaar betaal in Jesus Naam en daar word grond tot ons gronde bygevoeg.
- 2 Plase klaar betaal vir ons kinderdorp met melkery en groente om die nasie te voed.
- Ouetehuis vir ons senior mense in 2021.
- TV span en om op TV uit te saai en sowel ons eie TV stasie en studio.
- Kragtige passievolle toegewyde musikante met gawes sowel as gesalf, word tot ons span gevoeg.
- Ons pleit die Bloed van Jesus oor ons harte, woorde en ook elke faset van ons lewens.
- Bid dat die Herlewing kom in sy volheid. Kankers word genees, blinde oë gaan oop, dove ore hoor, siekes word gesond en mense word heelgemaak in die teenwoordigheid van die Here.
- Voorsiening vir die visie.
- Magtige finansiële deurbraak in Junie/Julie 2021.
- Drie 50-60 sitplek busse om mense te vervoer na die Herlewing in Jesus Naam.
- Christen Hospitaal om in volle operasie te wees en alle toerusting kontant betaal.
- "Tractor" vir ons boerdery.

IN ALL THINGS WE ASK FOR WISDOM

Praise the Lord and thank Him for the answers in Jesus Name.